# Hoofstuk van die dag: Job 11

> *Kan jy begryp wie God werklik is? Kan jy die Almagtige ten volle verstaan? (vers 7)*

Sofar draai nie doekies om nie. Job is verkeerd en verwaand om selfs te dink hy kan homself voor God verdedig. Hy is natuurlik reg – God ís soveel meer as wat ons ooit kan dink. Hy bewoon ontoeganklik lig (1 Tim 6:16), en die Prediker (5:1) waarsku dat ons woorde voor Hom liewer min moet wees. Daarom, as ons oor Hom nadink en praat, moet dit altyd met die grootste ontsag en huiwering wees. Om vir die Here ontsag te hê, is die begin van kennis, sê Spreuke 1:7 (2020-vertaling). En tog maak juis Sofar presies dié fout. Hy wat sê 'n mens kan nie die Almagtige ten volle verstaan nie (vers 7), redeneer asof hy presies weet hoe God se beskikking werk.
Hoe ouer ek word, hoe duideliker word dit vir my dat 'n mens nie alte seker moet wees dat wat jý dink en glo, presies reg is nie. Daarom moet ons standpunte oor die Bybel en Bybelse leiding altyd getemper word deur 'n erkenning dat ons maar ten dele ken en verstaan (1 Kor 13:12).
Nederig voor God, en beskeie voor ander. Dis wat ek glo.

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026